

## Sondag 24 Maart

**Skrifgedeelte: Josua 19:32-51**

**Fokusgedeelte: Josua 19:49-51**

### **Ons getrouheid en gehoorsaamheid aan God is nie tevergeefs nie!**

Die laaste verse van Josua 19 beskryf die afhandeling van die verdeling van die beloofde land onder die 12 stamme van Israel. Met gister se dagstukkies het ons gelees van die grondgebied wat aan die stamme Simeon, Sebulon, Issaskar en Aser toegeken is. Die laaste twee stamme wat grondgebied gekry het, is Naftali en Dan.

Naftali ontvang die bergagtige gebied Bo-Galilea, bekend vir sy takbokke (*“Naftali is ’n takbok wat vry rondloop”*, Gen. 49:21). Dan was ’n klein stam wat grondgebied noordwes van Jerusalem ontvang. Dan is op ’n stadium deur die Amorieëte verdruk en ’n deel van die stam het hom by Lesem of Lajis gaan vestig (*“Dan is een van die stamme van Israel, hy handhaaf die reg van sy volk”*, Gen. 49:16).

Wat egter merkwaardig is, is dat Josua en sy familie se eiendom nie ingedeel of gevoeg word by een van die stamme se grondgebied nie. Net soos Kaleb (vgl. Jos. 14:6-15), ontvang Josua ’n stad van sy eie, Timnat-Serag in die Efraimsberge (Josua was self die stam Efraim, vgl. Num. 13:8). Vanweë Josua en Kaleb se gehoorsaamheid en getrouheid aan die Here by die verkenning van Kanaän, het die Here ’n spesiale verbond met hulle gesluit. Van al die Israeliete wat destyds in die woestyn rondgetrek het, het slegs Josua en Kaleb oorgebly en ’n erfdeel in die beloofde land ontvang. Dit was inderdaad ’n hele nuwe geslag Israeliete wat oor die Jordaan die land Kanaän ingetrek het.

Josua (en Kaleb) is net weereens ’n bewys dat getrouheid en gehoorsaamheid aan die Here nie tevergeefs is nie. Al was hulle destyds onder die volk ver in die minderheid (vgl. Num. 13:26-33) oor die inname van Kanaän, het hulle trou en gehoorsaamheid aan God by verre swaarder geweeg.

Ons moet besef dat getrouheid en gehoorsaamheid aan God nie ’n gewildheidskompetisie is nie – gewoonlik is ons ver in die minderheid en heeltemal ongewild as ons nie saam met die res van die wêreld gaan nie, maar aan ons Here getrou bly. Ons Here Jesus Christus was getrou en gehoorsaam tot in die dood, al het Hy Godverlate aan die kruis gehang. *“Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef!”* (Fil. 2:9).

*Sing: Skrifberyming 14-1:1*

*Ds. W Jobse (Wilhan) (Jeffreysbaai)*